

Wiskunde Graad 5

Kwartaal 3:

Heelgetalle, Breuke, Massa, Faktore, Temperatuur, 2-D vorms, Transformasies,

Vermenigvuldiging

Augustus 2017

Totaal: 50

Vraag 1

1.1 Watter getal word gevorm?

1.1.1 $20 + 30\ 000 + 4 + 80 = 30\ 104$

1.1.2 $700 + 9\ 000 + 40 + 11\ 000 + 5 + 200 = 20\ 945$ (2)

1.2 Rangskik die getalle in dalende orde:

1.2.1 687 543; 678 543; 688 435; 678 345; 687 453

$688\ 435; 687\ 543; 687\ 453; 678\ 543; 678\ 345$ (2)

1.3 Skryf die volgende getalle in uitgebreide notasie:

1.3.1 $609\ 734 = 600\ 000 + 9\ 000 + 700 + 30 + 4$ (1)

1.4 Skat die antwoorde deur elke getal eers tot die naaste 1 000 af te rond:

1.4.1 $84\ 299 + 9\ 512$

Afgeronde getalle $84\ 000 + 10\ 000$

Geskatte antwoord $94\ 000$

1.4.2 $70\ 543 - 10\ 487$

Afgeronde getalle $71\ 000 - 10\ 000$

Geskatte antwoord $61\ 000$ (4)

1.5 Noem al die faktore van die volgende getalle:

1.5.1 20 1; 2; 4; 5; 10; 20

1.5.2 48 1; 2; 3; 4; 6; 8; 12; 16; 24; 48 (4)

Vraag 2**2.1 Bereken:**

2.1.1 7,6 kg = 7 kg 600 g

2.1.2 965 g = 0,965 kg

2.1.3 $\frac{5}{7} + \frac{4}{7} = \frac{9}{7} = 1 \frac{2}{7}$

2.1.4 $3 - \frac{7}{8} = 2 \frac{1}{8}$

2.1.5 3 kg 78 g = 3,078 kg

2.1.6 $\frac{3}{4}$ van 2 kg = 1 kg 500 g

2.1.7 6 kg 5 g = 6,005 kg

2.1.8 $9 \text{ kg} - \frac{4}{5} \text{ van } 1 \text{ kg} = 8 \text{ 200 g}$ (8)

2.2 Vul in: <; > of =


2.2.1 8,2 kg > 8 kg 2 g

2.2.2 $\frac{1}{2}$ < $\frac{7}{12}$

2.2.3 1 kg vere = 1000 g klippe (3)

Vraag 3

3.1 Kyk na die volgende vorms en beantwoord dan die vrae:



3.1.1 Gee die **naam** van die vorm wat net uit regtehoeke bestaan? **Reghoek**

3.1.2 Watter vorm se hoeke is almal groter as 90° ? **Vorm E**


3.1.3 Hoeveel simmetrielyne het vorm E? **6 simmetrielyne**

3.1.4 Noem die aantal en tipe hoeke wat vorm B het


1 regtehoek en 2 skerphoeke (hoeke kleiner as 90°)

3.1.5 Watter vorm het net hoeke wat kleiner as 90° is? **Vorm D** (5)

3.2 'n Patroon word gevorm deur vorm A telkens te transformeer. Kyk na die onderstaande patrone en sê telkens watter tipe transformasie plaasgevind het:



Refleksie



Translasie

(2)

Vraag 4**4.1 Bereken die volgende (wys alle stappe):**

4.1.1 $7\frac{5}{8} + 3\frac{7}{8}$

$$= 10\frac{12}{8}$$

$$= 11\frac{4}{8}$$

$$= 11\frac{1}{2}$$

(2)

4.1.2 $5\frac{2}{5} - 1\frac{4}{5}$

$$= 4\frac{2}{5} - \frac{4}{5}$$

$$= 3\frac{7}{5} - \frac{4}{5}$$

$$= 3\frac{3}{5}$$

(2)

4.1.3 289×76

$$= 21\,964$$

Metode soos deur skool voorgeskryf

(2)

Vraag 5**5.1 Los die volgende woordprobleme op:**

5.1.1 Die temperatuur van 'n houer water is 24 °C. Met hoeveel grade celsius moet die temperatuur verhoog word vir die water om te kook?

$$100\text{ °C} - 24\text{ °C} \\ = 76\text{ °C}$$

(2)

5.1.2 Werknemer A verdien R3 897 per maand meer as werknemer B. Indien werknemer A R26 254 per maand verdien, hoeveel verdien werknemer B?

$$R26\ 254 - R3\ 897 \\ = R22\ 357$$

(2)

5.1.3 Tannie Ria gebruik 750 g meel wanneer sy 'n koek bak. Indien sy 3 kg meel koop, hoeveel koeke sal sy daarmee kan bak?

$$3000\text{ g} \div 750\text{ g} \\ = 4\text{ koeke}$$

(3)

5.1.4 In 'n skool is daar 5 dogters vir elke 3 seuns. As daar 420 seuns in die skool is, hoeveel kinders is daar in die skool?

$$\begin{aligned} &420 \div 3 \times 5 + 420 \\ &= 700 \text{ dogters} + 420 \text{ seuns} \\ &= 1\,120 \text{ kinders} \end{aligned}$$

(3)

5.1.5 Twaalf broodrolletjies kos R24,30. Indien Ben se ma 72 broodrolletjies benodig vir 'n funksie, hoeveel sal dit kos?

$$\begin{aligned} &72 \div 12 \times R24,30 \\ &= 6 \times R24,30 \\ &= R145,80 \end{aligned}$$

(3)

TOTAAL: 50